



## Kubergeld kan mag van regerings wegvat

Een van die grootste ekonomiese deurbrake van alle tye was die gebruik van geld as betaalmiddel. Skielik was dit nie meer nodig om hoenders vir wol, en wol vir bier en bier vir 'n haarsny te verruil nie.

Met geld kon jy jou hoender vir geld verruil (verkoop) en die geld gebruik om vir die haarsny of vir enigiets anders te betaal.

Geld het ontwikkel van goue munte tot gedrukte papier. 'n Goue munt was waardevol omdat dit van goud gemaak was en vir lank het 'n -papiernoot sy waarde behou op grond van die goudstandaard wat verseker het dat elke geldnoot deur regte goud gerugsteun is.

Die Amerikaanse president Richard Nixon het egter in die 1970's weggedoen met die goudstandaard omdat Amerika nie meer genoeg goud gehad het om elke dollar in omloop te kon rugsteun nie.

Vandag is dit daarom bloot die waarborg van sentrale banke dat 'n geldnoot 'n geldige betaalmiddel is wat daaraan waarde gee.

Ons lewe nou in 'n wêreld van waardelose geld waar sentrale banke die monopolistiese mag het om letterlik geld uit niks te skep. Die enigste rede waarom geld steeds waarde het, is omdat ons genoeg vertrou in ons sentrale banke het dat hulle nie te veel geld sal druk sodat dit te vinnig waarde verloor nie.

### Sentrale banke is allesbehalwe sonder foute

Sentrale banke is magtige instellings. Hulle maak 'n produk uit niks – geld – en almal word wetlik verplig om hierdie produk te gebruik.

Maar sentrale banke is allesbehalwe sonder foute. In die geval van die sentrale bank van Zimbabwe het die bank so baie geld gemaak dat niemand meer sy geld wou hê nie.

In Suid-Afrika se geval het ons eie sentrale bank sedert 1970 so baie rande gemaak dat die rand 99% van sy waarde sedertdien verloor het – en dis nie 'n tikfout nie!

Dinge is aan die verander. Kuber-geldeenhede kan sentrale banke van hul monopolistiese magte ontnem.

Die bekendste kubergeldeenheid is bitcoin. Dit is 'n geldeenheid wat geskep is deur 'n geheimsinnige persoon met die naam van Satoshi Nakamoto. Bitcoin word deur 'n stelsel ondersteun wat bekend staan as die blockchain en as gevolg daarvan kan meer bitcoins nie eenvoudig net gemaak word nie.

'n Eienaar van bitcoin kan per SMS, e-pos of selfs net deur die een slimfoon na 'n ander te wys sy bitcoins na iemand anders oordra.

Bitcoin is dus 'n goedkoop en betroubare manier om transaksies te doen. Die beste van alles is dat dit heeltemal vertroulik is. Niemand kan sonder jou wagwoorde sien watter transaksies jy gedoen het nie.

### Kubergeldeenhede kan einde beteken van bankwese soos ons dit ken

Die feit dat kubergeldeenhede soos bitcoin totale anonimiteit verskaf, maak dit natuurlik ook baie aantreklik vir diegene wat onwettig wil handel dryf. Maar die wonderlike voordeel is dat sodra genoeg mense dit gebruik, ons in die toekoms baie minder van die instellings wat ons vandag as vanselfsprekend aanvaar, nodig sal hê.

Kubergeldeenhede kan die einde beteken van bankwese soos ons dit ken. Met 'n gewilde kubergeldeenheid het ons nie meer sentrale banke nodig nie, ook nie banke nie, en daarom ook nie monetêre beleid nie.

Rentekoerse sal nie meer deur 'n sentrale bank op die ekonomie afgedwing word nie. Mense sal onderling kan besluit watter rentekoers hulle vir mekaar wil vra – net soos vir die prys van enige ander produk.

### Kubergeldeenhede kan ons werklik individueel vry maak

Sentrale banke sal ook nie meer deur inflasie te skep regerings se skuld kan verminder nie en sal ook nie meer geld van spaarders kan steel en aan leners kan gee deur rentekoerse te laag te hou nie. Verskillende kubergeldeenhede sal met mekaar meeding, soos geldeenhede van ouds, en regerings sal ons nie meer indirek kan belas deur geld uit niks te maak nie.

Ons sal ook transaksies kan aangaan sonder dat die minister van finansies daarvan weet. 'n Groot deel van sy belastingbasis sal eenvoudig "onsigbaar" word en regerings sal eenvoudig al hoe minder relevant raak.

Uiteindelik sal geld in die hande wees van diegene wat werklik die wiele van die ekonomie laat draai. Uiteindelik kan kubergeldeenhede ons werklik individueel vry maak – maar met al die verantwoordelikhede wat daarmee saamgaan.

Ns. Moet nou nie 'n spul bitcoins gaan koop voordat jy jou huiswerk gedoen het nie!

 Dawie Roodt is die Hoofekonoom van die Efficient Group. Kontak gerus vir Dawie op [dawieroodt@efgroup.co.za](mailto:dawieroodt@efgroup.co.za)